

5 Februarie

**Skrifgedeelte: Eksodus 20:8-11; Deuteronomium 5:12-15; Heidelbergse Kategismus
Sondag 38**

Fokusgedeelte: Eksodus 20:11

Ek mag vandag – want vandag is 'n rusdag!

Vandag is vir my anders as die ander dae van die week, want vandag is Sondag. Verbeel ek my of is dit selfs in die skepping daar buite rustiger?

Ek het die voorreg om te kan opstaan om na die erediens te gaan. Om my Here saam met ander gelowiges te gaan ontmoet. Om deel te wees van die skare gelowiges wat vandag, vanaf die plek in die ooste waar die son die eerste opkom tot op die plek waar die son in die weste die laaste ondergaan, die Here se lof besing.

Ek is bevoorreg omdat ek nie bang hoef te wees om na die erediens te gaan nie. Bevoorreg omdat ek nie eers hoef te besluit of ek die erediens gaan bywoon nie, omdat die Heilige Gees in my die begeerte wek om te kan gaan.

Ek is bevoorreg omdat ek mag rus. Rus van my daaglikse werk, rus van die dolle gejaagdheid, rus van my moegheid. Rus omdat God gerus het, rus omdat Jesus Christus en sy dissipels gerus het, rus omdat God my beveel om te rus.

God het my na sy beeld geskep en deur sy Gees na sy beeld herskep. Ek is nie 'n masjien nie. Ek moet kan rus. Daarvoor het Hy die rusdag geskep.

Ek mag daarom ook rus van die sonde en verkeerdheid in my lewe. Ek mag vandag dat die Here deur sy Gees in my werk. Ek mag my aan Hom gaan blootstel waar Hy deur sy Woord en Gees my in erediens ontmoet.

Ek mag vandag sy verlossing vier. Ek mag weer herinner word aan sy verlossing, verseker word van sy verlossing en vooruitgewys word op sy ewige verlossing. Ek mag vandag weer van voor af begin om elke dag vanuit hierdie verlossing te lewe.

Wat 'n voorreg. Ek mag rus. Ek het tyd om terug te sit en perspektief te kry op die werke van God. Terug te sit en perspektief te kry op my werke in diens van die Here.

Mag elke Sondag vir jou 'n ware rusdag wees. Tot eer van die Here.

Sing: Psalm 118:7 (2001-omdigting)

Ds. HS Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)